AD2021 34.18

CASE NO. 315/82

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

In the matter between: -

THE STATE

v

1. THELLE SIMON MOGOERANE
2. JERRY SEMANO MOSOLOLI
3. THABO MARCUS MOTAUNG

ACCUSED 1, 2 and 3 sentenced to death by the Hon. Mr Justice CURLEWIS (and two ASSESSORS) at PRETORIA on 6 AUGUST 1982 for the crime of HIGH TREASON.

VOLUME 18

Pages 1469 - 1519

VOLUME 18

Page

BEWYSSTUKKE (vervolg)


LL - Lykskouingsverslag - Dr Loubser ......... 1469 - 1474

MM1- Erkennings ................................ 1475 - 1483

MM2- Erkennings ................................ 1484 - 1485

NN - Stel vingerafdrukke - Nr. 2 ............. 1486

OO - Vingerafdrukke van bewysboek 6319711 .... 1487 - 1488

PP - Fotostatiese afdruk van meesterkaart -

H. Sigonyela ............................ 1489 - 1490

QQ - Vingerafdrukke van M.T. Motaung ......... 1491 - 1492

RR - Fotostatiese afdruk van kaart 5801762 ... 1493 - 1494

SS - Fotostatiese afdruk van meesterkaart .... 1495 - 1496

TT - Stel vingerafdrukke - nr. 1 ............. 1497

UU - Fotostatiese afdruk van meesterkaart .... 1498 - 1499

VV - Foto van vingerafdrukke op magasyn ...... 1500

WW - Stel vingerafdrukke van nr. 1 ........... 1501 - 1502

XX - Hofkaart ................................. 1503

YY - Folien - gelig van gasstofie ............ 1504

ZZ - Stel vingerafdrukke van nr. 2 ........... 1505 - 1506

AAA- Hofkaart - nr. 2 ......................... 1507

BBB- Sellofaanomhulsel met vingerafdrukke .... 1508

CCC- Stel vingerafdrukke ..................... 1509 - 1510

DDD- Hofkaart ................................. 1511

EEE- Erkennings ............................... 1512

FFF- Hofkaart ................................. 1513

GGG- Hofkaart ................................. 1514

HHH- Hofkaart ................................. 1515

JJJ- Hofkaart ................................. 1516

KKK- Hofkaart ................................. 1517

LLL- Hofkaart ................................. 1518

MMM- Hofkaart ................................. 1519


----------------

BEWYSSTUK LL

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA Ges 7/15

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

VERSLAG OOR 'N REGSGENEESKUNDIGE LYKSKOUING

Doodregister No. S.2029/81

Aan die Landdros van PRETORIA

Ek, JOHAN DAVID LOUBSER sertifiseer hiermee -

(i) dat ek op IN DIE STAATSLYKHUIS, PRETORIA op die 28STE dag van DESEMBER 1981 beginnende om 11h30 die liggaam van 'N SWART MANLIKE VOLWASSENE ondersoek het;

(ii) dat die liggaam vir my geïdentifiseer is -

(a) deur KONST. GROVé van DIE STAATSLYKHUIS, PTA; en

(b) deur van

as dié van DANIEL MAKHOSOMKE NKOSI wie se ouderdom na bewering/volgens skatting 26 JAAR was;

(iii) dat die dood plaasgevind het

(a) soos meegedeel op 26.12.1981 om h

(b) soos bepaal met ondersoek ure voor my ondersoek;

(iv) dat die vernaamste lykskouingsbevindings in verband met hierdie liggaam die volgende was: 'n Swartman met 4 hoë volositeit skietwond entiteite, die noodlottige een waarvan die hoofslagaar in die buikholte oopgeruk het met 'n noodlottige inwendige bloeding. Die algemene rigting waarin hierdie skote getrek het, was van regs agter.

(v)/...

(v) dat, as gevolg van my waarnemings waarvan 'n lys hieronder volg ek besluit het -

(a) dat die dood voor my ondersoek plaasgevind het; en

(b) dat die oorsaak/oorsake van die dood SKIETWONDE MET INWENDIGE BLOEDING was.

Gedateer te PRETORIA op hede die 28STE dag van DESEMBER 1981.

Handtekening (Get.) J.D. LOubser

Kwalifikasies M. MED (MED. FORENS) PRET. D.V.G.

Ampstitel HOOFSTAATSPATOLOOG/PROFESSOR: DEPT. GER. GEN. U.P.

---

LYS/...

LYS WAARNEMINGS

Doodregister No. S2029/81

ALGEMEEN

1. Lengte 1,8 m  Massa 80 kg  Liggaamsbou Goeie
   Voedingstoestand Goeie

2. Spesiale identifiserende kenmerke  Geen

3. Sekondêre nadoodse veranderings Rigor mortis

4. Uitwendige voorkoms van liggaam en toestand van ledemate: Toon 4 deurskote wat waarskynlik met 'n hoë volositeit wapen toegedien was. Daar is 'n deurskoot wat van die wysvinger se kant deur die linker hart. Die deurskoot deur die linkerhandpalm toon 'n inskietwond by die basis van die indeksvinger. Daar is frakture van al die metakarpale bene en die uitskietwond is aan die dorsum van die hand bo die M.P. kneukel van die kleinvinger. 78 cm Bo die regterhak aan die mediale kant van die regter dy is 'n inskietwond en 71 cm bo die regterhak aan die laterale aspek van die regter dy is 'n uitskietwond waar 'n tangensiale deurskieting slegs onderhuids plaasgevind het. Regs midlumbaal 1,12 meter bo die regterhak is 'n inskietwond en aan die regter buikwand lateraal 1,24 meter bo die regter hakskeen in lyn met die regter heup is 'n verder hoë volositeitsinskietwond. Beide laasgenoemde twee wonde toon ongeveer 8 mm sirkulêre inskietdefekte. Daar is 2 uitskietwonde aan die linkerkant van die liggaam. Die eerste een lateraal van die linker heup 1,08 m bo die linker hakskeen en die 2de een in die anterior aksilêre lyn oor die onderste ribrand L 1,28 m bo die linker hak. Oppervlakkige skaafwonde is aan die laterale aspekte van beide elmboë teenwoordig. Die lyfband van die uniform toon aan die regter posterior gebied 'n

inskietverandering/...

inskietverandering en 'n uitskietwond is oor die laterale aspek L teenwoordig. 'n Winkelhaakvormige skeur is aan die mediale aspek van die linkerskoen teenwoordig.

KOP EN NEK

5. Skedel Intakt

6. Skedelinhoud Toon nie afwykinge nie.

7. Oog-, neus- en oorholtes Toon nie afwykinge nie

8. Mond, tong en farinks Toon nie afwykinge nie

9. Nekstrukture Toon nie afwykinge nie

BORS

10. Borskas en diafragma: Die skoot wat by die linker ribrand uit is, die diafragma se linker koepel oopgeskeur. Daar is 500 ml bloed in die linker hemitoraks gevind. Die linker long toon egter slegs geringe kneusings van die basis maar geen verwonding nie. Deurskieting het plaasgevind met 'n fraktuur van die 8ste rib L by die kosto kondrale aansluiting

11. Mediastinum en slukderm Sentraal geleë

12. Trachea en brongi Skoon

13. Pleurae en longe: Kom gering bloedloos voor

Regter Long massa g

Linker Long massa g

14. Hart en perikardium Toon nie anatomiese afwykinge nie

Hart massa g

15. Groot bloedvate Toon deurskieting van die aorta en inferior vena cava onmiddellik onder die aftakking van die renale arteries.

BUIK

16. Buikholte 900 ml gestolde bloed gemeet

17. Maag en inhoud Bevat weinig voedselreste en toon

'n deurskieting deur die fundus gedeelte.

18. Derms en mesenterium Betrokke in die skietwondtraktus

19. Lewer, galblaas en galbuise Kom anemies voor. Toon egter geen wonde nie. Lewer massa

20. Pankreas Toon geen wonde nie

21. Milt Toon verbryseling van die bopool
Milt massa

22. Byniere Toon nie afwykinge nie
Regter
Linker

23. Niere en ureters: Kom erg anemies voor en die Linker-nier toon 'n laserasie van die bopool

| | | |
|---|---|---|
| Regter | Nier massa | g |
| Linker | Nier massa | g |

24. Urienblaas en uretra Toon geringe hemoragiese indurasie van sy wand

25. Bekkenwande Intakt

26. Geslagsorgane Toon nie afwykinge nie

RUGGRAAT

27. Ruggraat Toon nie afwykinge nie

28. Rugmurg Nie geopen nie.

MONSTERS GEHOU Geen

VERDERE WAARNEMINGS Geen

---

1. Ek sertifiseer dat voordat ek die voorgeskrewe eed/bevestiging afgeneem het, ek die volgende vrae aan die verklaarder gestel en sy/haar antwoorde in sy/haar teenwoordigheid neergeskryf het:

(1) Is u vertroud met die inhoud van bostaande verklaring en begryp u dit?

Antwoord Ja.

(2)/...

(2) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord: Nee.

(3) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord: Ja.

2. Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig/bevestig voor my en verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

(Get.) G. Swanepoel

Vrederegter

Kommissaris van Ede

Amp (Rang) Ex Officio Republiek en Suidwes-Afrika

Datum 1982-03-10 Plek

GABRIEL SWANEPOEL

W 55543 M A/O

REGSGENEESKUNDIGE LAB.

DR. SAVAGEWEG, RIVIERA PTA.

---------------

BEWYSSTUK MM

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

In die saak van:

DIE STAAT

teen

1. THELLE SIMON MOGOERANE — Eerste Beskuldigde
2. JERRY SEMANO MOSOLOLI — Tweede Beskuldigde
3. MARCUS THABO MOTAUNG — Derde Beskuldigde

---

ERKENNINGS INGEVOLGE ARTIKEL 220 VAN WET 51 VAN 1977

---

Die beskuldigdes in hierdie saak maak die volgende erkennings ten einde die verrigtinge te verkort en om af te sien van die bewys van aangeleenthede wat algemene kennis is of wat formele aangeleenthede is en sonder om daardeur te erken dat hulle by enige van die beweerde aangeleenthede betrokke was.

Die Verdediging erken formeel dat:

1. Die Republiek van Suid-Afrika te alle tersaaklike tye 'n onafhanklike en soewereine Staat was.
2. Daar gedurende die tydperk November 1980 'n skuilplek te Meadowlands, distrik Johannesburg bestaan het wat gedien het as woonplek of wegkruipplek of wapenopslagplek vir persone.
3. Gedurende die aand van 3 Mei 1979, val persone die Suid-Afrikaanse Polisiestasie, Moroka, in die distrik van Johannesburg aan, terwyl ~~die een, die ander of almal~~ van hulle gewapen is met gewere, ammunisie vir die genoemde gewere en ook handgranate. ~~Die een, die ander of almal~~ Van hulle vuur 'n groot aantal skote met die gewere op die geboue van die genoemde Polisiestasie en laat in

die/...

die proses verskeie handgranate op die perseel ontplof terwyl lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag diens verrig of daar teenwoordig is en ook verskeie lede van die algemene publiek daar teenwoordig is. In bogenoemde gewapende aanval is konstabel Bongani Brian Tembe doodgeskiet en konstabels Makwena Edward Moremi en Ernest Nkosi asook Godfrey Danisile Tshabalala, Daphney Thandy Magagula en Sam Salatil Sangwene, lede van die algemene publiek, gewond.

4. Gedurende die aand van 1 November 1979, val persone die Suid-Afrikaanse Polisiestasie, Orlando, in die distrik van Johannesburg aan, terwyl ~~die een, die ander of almal~~ van hulle gewapen is met gewere, ammunisie vir die genoemde gewere en ook handgranate. ~~Die een, die ander of almal~~ Van hulle vuur 'n groot aantal skote met die gewere op die geboue van die genoemde Polisiestasie en laat in die prcses verskeie handgranate op die perseel ontplof terwyl lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag in en om die geboue van die genoemde Polisiestasie diens verrig of daar teenwoordig is en ook verskeie lede van die algemene publiek daar teenwoordig is. In bogenoemde gewapende aanval is konstabels Ntsieni Jerry Musidane en Christopher Zibi doodgeskiet en konstabel Thami Goodenough Dyantjie en Sipho Moses Zungu, 'n lid van die algemene publiek, gewond.

5. Gedurende die aand van 24 Mei 1981, loods persone 'n aanval op die spoorlyn van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens tussen die Spoorwegstasies New Canada en Mzimhlope in die distrik van Johannesburg. 'n Groot lading T.N.T. springstof word op verskeie plekke onder en by die spoorlyne geplaas en gekoppel aan 'n

elektriese/...

elektriese skakelaar en springdoppies. Die springstof het ontplof en skade is aan die spoorlyn veroorsaak.

6. Daar gedurende die tydperk Oktober tot Desember 1981 'n skuilplek te Hammanskraal, distrik Wonderboom, bestaan het wat gedien het as woonplek of wegkruipplek of wapenopslagplek vir persone.

7. Gedurende die aand van 14 Desember 1981 loods persone 'n aanval op die Munisipaliteit van Pretoria se Elektrisiteitsbeheersentrum te Capital Park in die distrik van Pretoria. Gedurende die aanval is die omheiningsdraad geknip en vyf Russiesvervaardigde magnetiese kleefmyne aan verskillende van die elektriese installasies daar geheg en ontplof terwyl werknemers van die Munisipaliteit van Pretoria op die perseel van die genoemde beheersentrum aan diens was. Die ontploffings veroorsaak deur die genoemde myne het aansienlike skade aan die elektriese installasies aangerig en sodoende die toevoer van elektriese krag aan alle verbruikers in sekere voorstede en gebiede in Pretoria onderbreek.

8. Gedurende die aand van 26 Desember 1981, val persone die Suid-Afrikaanse Polisiestasie, Wonderboompoort, te Mayville in die distrik van Pretoria aan, terwyl ~~die-een,~~ ~~die-ander-of-almal~~ van hulle gewapen is met gewere en ammunisie vir genoemde gewere, handgranate, 'n R.P.G. 7 vuurpyl en R.P.G. 7 vuurpyllanseerbuis en 'n Makarov-pistool. Tydens die aanval is verskeie lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag in en om die geboue op die perseel van die genoemde Polisiestasie aan diens. 'n Groot aantal skote word tydens die aanval met gewere afgevuur na die geboue van die genoemde Polisiestasie en die lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag

wat daar aan diens was of hulle daar bevind het. 'n R.P.G.7 vuurpyl word met die R.P.G.7 vuurpyllanseerbuis afgevuur en 'n handgranaat word binne in die aanklagtekantoor gewerp en ontplof. Tydens en as gevolg van hierdie gewapende aanval word konstabel Daniel Makhosonke Nkosi doodgeskiet en konstabels Risimata Joseph Nghonyama, Dewald Jacobus Visagie, Welmar O'Reilly en Jimmy Johannes Malebe gewond en beseer.

9. Gedurende die aand van 26 Desember 1981 en te of naby Wonderboompoort Polisiestasie te Mayville in die distrik van Pretoria, en tydens en/of direk na die aanval op genoemde Polisiestasie, val ~~die-genoemde~~ persone motoriste in die straat aan en vuur met gewere verskeie skote na Mnre André Hugo Strydom en Fredrik Jacobus van Graan terwyl hulle in hul voertuie in die straat in die nabyheid van genoemde Polisiestasie beweeg. Verder het ~~die-genoemde-~~ persone, verskeie skote met gewere afgevuur na mnr. Wilhelmus Pretorius Nel waar hy gestaan het voor sy huis op sy perseel naby die genoemde Polisiestasie.

10. Na die aanval op 3 Mei 1979 op die Moroka Polisiestasie was daar verskeie doppies van afgevuurde geweer rondtes patrone op die perseel van die Moroka Polisiestasie deur verskeie lede van die Polisiemag opgetel en waarvan 'n gedeelte voor die Hof is as Bewysstuk 2.

11. Hierdie doppies aan die ondersoekbeampte kaptein Adam oorhandig was en dat hy die genoemde doppies op 17 Mei 1979 aan speurdersersant B.N. Young van die Forensiese Balistiekafdeling, S.A.K.B., Pretoria oorhandig het vir ontleding.

12. Na die aanval op die Orlando Polisiestasie op 1 November 1979 was daar verskeie doppies van afgevuurde geweer rondges patrone op die perseel van die Orlando Polisiestasie deur verskeie lede van die Polisiemag opge~~s~~tel en waarvan 'n gedeelte voor die Hof is as Bewysstuk 5.

13. Dat hierdie doppies aan die ondersoekbeampte speurderadjudantoffisier D. Dühn oorhandig was en dat speurderadjudantoffisier D. Kühn op 9 November 1979 die genoemde doppies aan speurderadjudantoffisier T.F.H. Wolmarans van die Forensiese Balistieke Afdeling van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro, Pretoria oorhandig het vir ontleding.

14. Na die aanval op die Orlando Polisiestasie op 1 November 1979, het lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag drie handgranaat ontstekerhefbome opgetel in die omgewing waar handgranate ontplof het en aan die ondersoekbeampte speurderadjudantoffisier D. Kühn oorhandig en dit is nou voor die hof as Bewysstuk 3. (Die No.'s op die ontstekinghefbome is 101-76Y3PRM583; 14-77Y3prm en 69-73Y3PRM).

15. Na die aanval op die Orlando Polisiestasie op 1 November 1979, het lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag vier handgranaatveiligheidsringetjies opgetel in die omgewing waar handgranate ontplof het en dit aan speurderadjudantoffisier D. Kühn oorhandig en die ringetjies is nou voor die hof as Bewysstuk 4, 8 en 20.

16. Na die aanval op die Orlando Polisiestasie op 1 November 1979 het lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag twee rompdeksels vir gewere opgetel in die onmiddellike omgewing van die Orlando Polisiestasie en dit aan die ondersoekbeampte speurderadjudantoffisier D. Kühn

oorhandig/...

oorhandig. Dit is nou voor die hof as Bewysstukke 6 en 7.

17. Na die aanval op die Orlando Polisiestasie op 1 November 1979 was een lewendige patroon vir 'n geweer in die omgewing van Orlando Polisiestasie opgetel en dit is voor die Hof as Bewysstuk 19.

18. Uit die liggaam van oorledene Christopher Zibi was tydens die Regsgeneeskundige Lykskouing 'n gedeelte van 'n geweer koeëlpunt verwyder en aan speurderadjudant-offisier D. Kühn oorhandig en dit is nou voor die Hof as Bewysstuk 21.

19. Dat Frans Thobele nadat hy op 25 Desember 1981 en te of naby Pretoria-Noord in die distrik van Wonderboom verwond was, was hy in die Ga-Rankuwa hospitaal opgeneem waar 'n 9 mm koeëlpunt uit sy liggaam verwyder was. Dit is Bewysstuk 40 voor die Hof.

20. Dat na die aanval op die Suid-Afrikaanse Polisiestasie, Wonderboompoort op 26 Desember 1980, was verskeie doppies vir gewere deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag opgetel op die perseel. Die doppies is deel van Bewysstukke 29, 30 en 31 voor die Hof.

21. Dat op 28 Desember 1981 was vyf gewere gevind in die nabyheid van die skuilplek te Hammanskraal in die distrik van Wonderboom. Die gewere is deel van Bewysstuk 24 voor die Hof.

22. ~~Dat die doppies, deel van Bewysstukke 29, 30 en 31 afgevuur was deur die gewere Bewysstuk 24~~.

23. Dat op 26 Desember 1981 was die stertgedeelte van 'n R.P.G. 7 projektiel deur die Suid-Afrikaanse Polisie gevind in 'n kantoor van die Wonderboompoort Suid-Afrikaanse Polisie waar die projektiel ontplof het.

Dit/...

Dit is Bewysstuk 23 voor die Hof.

24. Dat op 28 Desember 1981 was 'n R.P.G.7 Vuurpyllanseerder gevind in die nabyheid van die skuilplek te Hammanskraal in die distrik van Wonderboom. Die R.P.G. 7 Vuurpyllanseerder is as deel van Bewysstuk 24 voor die Hof.

25. Die vuurpyl waarvan Bewysstuk 23 'n deel gevorm het, is afgevuur deur die vuurpyllanseerder, deel van Bewysstuk 24 voor die Hof.

26. Dat na die aanval op die Moroka Polisiestasie op 3 Mei 1979 is 'n aantal A.N.C. pamflette waarvan 'n aantal voor die Hof is as Bewysstuk E op die perseel gevind.

27. Dat na die aanval op die Orlando Polisiestasie op 1 November 1979 is 'n aantal A.N.C. pamflette op die perseel van die genoemde Polisiestasie gevind en dit is die pamflette waarvan 'n aantal voor die Hof is as Bewysstuk D.

28. Dat na die aanval met die gewere op motoriste mnre. André Hugo Strydom en Fredrik Jacobus van Graan op 26 Desember 1981 te Mayville, distrik Pretoria het mnre. Strydom en Van Graan koeëlpunte van gewere se ammunisie in hul motors gevind. Dit is die koeëlpunte voor die Hof as Bewysstukke 41(f) en 41(e) respektiewelik.

29. Dat na die aanval met gewere op mnr Wilhelmus Pretorius Nel waar hy voor sy huis gestaan het, het mnr Wilhelmus Pretorius Nel drie kerns en twee stukkies erg beskadigde koeëlmantels van geweer ammunisie teen sy huis se muur en in sy sitkamer gevind en dit is voor die Hof as Bewysstuk 41(c).

30. Tydens die aanval op die Wonderboompoort Polisiestasie te Mayville, distrik Pretoria, op 26 Desember 1981 was

die/...

die Maders Hotel en huise van verskeie persone in Paul Krugerstraat in die omgewing van die genoemde Polisiestasie deur ammunisie getref en was 'n koeël-mantel en een kern van koeël Bewysstuk 41(d) by die huis van mev. S.C. Coetzer en by Maders Hotel een beskadigde koeëlpunt Bewysstuk 41(g), gevind.

31. Dat die oorledene Bongani Brian Tembe geen verdere beserings opgedoen het sedert sy verwydering vanaf die toneel waar hy verwond was tot en met die hou van die Regsgeneeskundige Lykskouing deur dr. V.D. Kemp op 8 Mei 1979 nie.

32. Dat dit op die liggaam van die oorledene Bongani Brian Tembe was soos afgeneem per foto's Bewysstuk G voor die Hof op wie dr. Kemp die lykskouing uitgevoer het.

33. Dat dr. Kemp 'n verslag vorm - Vorm Gesondheid 1 - voltooi het oor sy vernaamste bevindinge tydens die hou van die Regsgeneeskundige lykskouing en dit is die verslag nou voor die Hof as Bewysstuk F en waarvan die korrektheid en inhoud erken word.

34. Dat die oorledene Ntsini Terry Musidane geen verdere beserings opgedoen het sedert sy verwydering vanaf die toneel waar hy verwond was tot en met die hou van die Regsgeneeskundige Lykskouing deur dr. V.D. Kemp op 2 November 1979 nie.

35. Dat dit op die liggaam van die oorledene Ntsini Terry Musidane was soos afgeneem per fofo's Bewysstuk J voor die Hof, op wie dr. Kemp die lykskouing uitgevoer het.

36. Dat Dr Kemp 'n Verslag vorm - Vorm Gesondheid 1 - voltooi het oor sy vernaamste bevindinge tydens die hou van die Regsgeneeskundige lykskouing en dit is die verslag nou voor die Hof as Bewysstuk F en waarvan die

korrektheid/...

korrektheid en inhoud erken word.

37. Dat die oorledene Christopher Zibi geen verdere beserings opgedoen het sedert sy verwydering vanaf die toneel waar hy verwond was tot en met die hou van die Regsgeneeskundige Lykskouing deur dr. V.D. Kemp op 2 November 1979 nie.

38. Dat dit op die liggaam van die oorledene was soos afgeneem per foto Bewysstuk L voor die Hof op wie dr. V.D. Kemp die lykskouing uitgevoer het.

39. Dat dr. V.D. Kemp 'n verslag vorm - Vorm Gesondheid 1 - voltooi het oor sy vernaamste bevindinge tydens die hou van die Regsgeneeskundige lykskouing en dit is die verslag nou voor die Hof as Bewysstuk K en waarvan die korrektheid en die inhoud erken word.

40. Dat die oorledene Daniel Makhosomke Nkosi geen verdere beserings opgedoen het sedert sy verwydering vanaf die toneel waar hy verwond was tot en met die hou van die Regsgeneeskundige Lykskouing deur professor J.D. Loubser op 28 Desember 1981 nie.

41. Dat dit op die liggaam van die oorledene in hierdie saak is op wie dr. Loubser die Regsgeneeskundige Lykskouing gehou het.

42. Dat professor J.D. Loubser 'n verslag - Vorm Gesondheid 1 - voltooi het oor sy vernaamste bevindinge tydens die hou van die Regsgeneeskundige Lykskouing en dit is die verslag nou voor die Hof as Bewysstuk LL en waarvan die korrektheid en inhoud erken word.

GETEKEN te PRETORIA op hierdie 7 dag van JULIE 1982.

(Get.) J. Unterhalter (Get.) N.B. Tuchten

J. Unterhalter S.C. N.B. Tuchten

ADVOKATE VIR VERDEDIGING

BEWYSSTUK MM.2/...

BEWYSSTUK MM.2

DIE VERDEDIGING ERKEN VERDER INGEVOLGE ARTIKEL 220 VAN WET 51 VAN 1977 DAT:

1. Konstabel Makwena Edward Moremi as gevolg van die verwonding waarna in paragraaf 3 van Bewysstuk MM verwys word nog nooit volkome genees het nie, steeds medies behandel word, tans weer in die hospitaal is en na verwagting nooit volkome sal herstel nie.

2. Die punt soos deur beskuldigde No. 2 aan luitenant Harmse uitgewys en soos dit verskyn op foto 7 van Bewysstuk R dieselfde punt is waar T.N.T. springstof op 24 Mei 1981 laat ontplof is soos erken in paragraaf 5 van Bewysstuk MM en dat dit ook ooreenstemmend is met die punte wat op fotos 57, 58 en 59 van Bewysstuk B uitgebeeld word.

3. Die punt soos deur beskuldigde No. 2 aan luitenant Harmse uitgewys en soos dit verskyn op foto 8 van Bewysstuk R ooreenstemmend is met die punt waar springstof op 24 Mei 1981 op die spoorlyn tussen New Canada en Mlamlamkunzi geplaas is soos uitgebeeld op fotos 64 en 67 van Bewysstuk B.

4. Die punt soos deur beskuldigde No. 1 aan kaptein Swart uitgewys en soos uitgebeeld op foto 12 van Bewysstuk N ooreenstemmend is met die punt soos uitgebeeld op fotos 74, 75 en 76 van Bewysstuk B.

5. Die punt soos deur beskuldigde No. 1 aan Kaptein Swart uitgewys en soos uitgebeeld op foto 14 van Bewysstuk N ooreenstemmend is met fotos 55 en 56 van Bewysstuk B.

6. Die punt soos deur beskuldigde No. 1 aan Kaptein Swart uitgewys en soos uitgebeeld op foto 15 van Bewysstuk N die perseel toon waar die nuwe Maroka polisiestasie in aanbou was wat opgerig is op die plek waar die ou polisiestasie gestaan het soos uitgebeeld op fotos 2 tot 21 van Bewysstuk B.

7. Die punt soos uitgewys deur beskuldigde No. 3 aan kaptein Jones en soos uitgebeeld op foto 7 van Bewysstuk S die nuwe Orlando polisiestasie toon wat opgerig is op die plek waar die ou polisiestasie gestaan het soos uitgebeeld op fotos 22 tot 54 van Bewysstuk B.

8. Die punt soos uitgewys deur beskuldigde No. 3 aan kaptein Jones en soos uitgebeeld op foto 8 van Bewysstuk S die nuwe Maroka polisiestasie toon wat opgerig is op die plek waar die ou polisiestasie gestaan het soos uitgebeeld op fotos 2 tot 21 van Bewysstuk B. (10)

GETEKEN te PRETORIA op hierdie 20ste dag van JULIE 1982.

J. UNTERHALTER S.C.

N.B. TUCHTEN

Advokate vir Verdediging

------------------

BEWYSSTUK NN/...

BEWYSSTUK NN

BEWYSSTUK NN

STEL VINGERAFDRUKKE VAN BESKULDIGDE NO. 2



RICHARD

SUID-AFRIKAANSE POLISIE — SOUTH AFRICAN POLICE — SAP 6

Blue 'NN'

NAVRAAG — ENQUIRY

Moet in blokletters voltooi word — To be completed in block letters

Volle naam en van / Full name and surname: SEMANO JERRY MOSOLOLI

Persoonsnommer / Identity number: 5601887 A21/6

Ras en geslag / Race and sex: S/man — Geboortedatum / Date of birth: 1957/12/01

Dorp en land van geboorte / Town and country of birth: PIETERMARITZBURG

Adres / Address: 1796 ... VILLAGE SOWETO

VA-no. / FP No.

KR-no. / CR No.

SAKB verw.-no. / SACB Ref. No.

VA-klas—FP class

A1 31W L 0 0 OK 29 1M 1

B1 17 U KOSO 25 U 00 24

| Duim / Thumb | Voorvinger / Forefinger | Middelvinger / Middle finger | Ringvinger / Ringfinger | Pinkie / Little finger |
|---|---|---|---|---|

REGTERHAND / RIGHT HAND — Fold

OK 7021/80

LINKERHAND / LEFT HAND — Fold

LINKERHAND / LEFT HAND — REGTERHAND / RIGHT HAND

OK 7021/80

OK 7021/80

HM JANSEN 21/6/82.

Afdrukke van die vier vingers tegelyk geneem — Plain impressions of the four fingers taken simultaneously

LINKERDUIM / LEFT THUMB — REGTERDUIM / RIGHT THUMB

Aard van navraag: / Reason for enquiry: SEMANO JEREMIAH MOSOLOLI 6319711

6319711

Is u ooit weens 'n oortreding skuldig bevind— Indien so, vermeld plek, datum en vonnis.
Have you ever been convicted of any offence— If so, state place, date and sentence.

WONDERBOOMPOORT

D53/12/81

Handtekening van applikant / Applicant's signature

Geneem deur / Taken by: A/O Do Santos — SAP Stasie / SAP Station — Datum / Date: 1981/12/29

Nagesien: / Checked:

Stasiebevelvoerder / Station Commander

BEWYSSTUK 00

BEWYSSTUK 00

FOTOSTATIESE AFDRUK VAN MEESTERKAART EN VINGERAFDRUKKE

VAN BESKULDIGDE NO. 2



Ex 00

G.P.-S. 17968. DUBE -04- 1976 BA 1133

P. No. / L No. 6319711 Burgerskap / Citizenship S.A. Ras / Race Bantoe / Bantu Geslag / Sex M

Volle name / Full names SEMANO JEREMIAH MASOLOL

Geb. datum / Date of birth 1-12-1957 Geb. inskr. No. / Birth Reg. No. 188/76/37 Geboorteplek / Place of birth JOHANNESBURG

Groep / Group 025 SOTHO Stam / Tribe 049 MOFOKENG Gebiedsowerheid / Territorial Authority

Kaptein / Chief Hoofman / Headman Tuisdistrik / Home district JOHANNESBURG

Woonplek in tuisdistrik / Place of residence in home district 005 MASOLOL DUBE

Huwelikstaat / Marital status S. P. No. van vrou / Wife's I. No. VP N/A.

Belastingspligtigheid / Tax liability 188/ 1976

Geregistreer te / Registered at

Deur/By 188

54

Tydelike Identifikasiedokumentnommer / Temporary Identification Document Number


6319711
MOET ASB. NIE VOU NIE. STUUR ONGEVOUD
DO NOT FOLD. POST UNFOLDED
GEWONE AFDRUKKE—PLAIN PRINTS
LINKERHAND
LEFT HAND
REGTERHAND
RIGHT HAND
L. DUIM/THUMB
R. DUIM/THUMB
Bew. 00

## BEWYSSTUK PP

## FOTOSTATIESE AFDRUK VAN MEESTERKAART EN VINGERAFDRUKKE

VAN HAMILTON SIGONYELA


G.P.-S.
J. No.
I. No.
Volle name / Full names: Hamilton Sigonyela
Geb. datum / Date of birth: 3.7.1956
Groep / Group: Xhosa
Stam / Tribe: Xhosa
Burgerskap / Citizenship
Ras / Race: Bantoe / Bantu
Geslag / Sex: M.
Tuisland / Homeland
Woonplek / Place of residence
Huwelikstaat / Marital status
26-9-1973
BA 113

BEWYSSTUK PP



BEWYSSTUK QQ

VINGERAFDRUKKE VAN M.T. MOTAUNG

G.P.-S. (F-B) Bew. QQ SAP 76

Slegs vir S.A.K.B. / For S.A.C.B. only

V.A. No. / F.P. No.

S.A.K.B. No. / S.A.C.B. No.

K.R. No. / C.R. No.

Ras/Race ........ Geslag/Sex ........

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| A 7 | 17 R | O | 1 | – | X | |
| B1 | 17 U | O | O X | – | – | |

Persoonsnommer/Identity No.: 5801762 5427628 Hofsaaknommer/Court Case No. ........

Naam en alias (drukskrif) / Name and alias (in print): Marcus Thabo Motaung

Geboortedatum (volledig) / Date of birth (in full): 195[illegible]-05-25 Dorp, provinsie, land van geboorte / Town, province, country of birth: Alexandra TVL

| Duim/Thumb | Wysvinger/Forefinger | Middelvinger/Middle finger | Ringvinger/Ring finger | Pinkie/Little finger |
|---|---|---|---|---|
| 1 REGTERHAND | 2 | 3 | 4 | 5 RIGHT HAND |
| 6 LINKERHAND | 7 | 8 | 9 | 10 LEFT HAND |





LINKERHAND: Vlakafdrukke van die vier vingers gelyk geneem / LEFT HAND: Plain impressions of the four fingers taken simultaneously

REGTERHAND: Vlakafdrukke van die vier vingers gelyk geneem / RIGHT HAND: Plain impressions of the four fingers taken simultaneously



HOUER VAN BEWYSBOEK / HOLDER OF REFERENCE BOOK 5427628

Linkerduim/Left thumb



Stasie/Station: Wonderboompoort

M.R. No./C.R. No.: 353/12/1981

Aanklag/Charge: Hoogverraad

Beampte belas met ondersoek / Official in charge of case: Maj F.J.P. Nel

Regterduim/Right thumb



Handtekening van beampte wat die vingerafdrukke geneem het / Signature of official taking fingerprints: [signature]

Rang / Rank: S/A/O Plek / Place: Kompol Lieb. Datum / Date: 1982.05.17

Veroordeel deur / Sentenced by ........ Hof te / Court at ........ Datum skuldig bevind / Date of conviction ........

Datum van vonnis / Date sentenced ........ weens / for ........

tot / to ........

OPMERKINGS: / REMARKS:

Blaai om / Turn over

**BEWYSSTUK QQ**

Vir S.A.K.B. gebruik/For S.A.C.B. only

*Merk die toepaslike blokkies met 'n X* — *Mark the applicable blocks with an X*

LIGGAAMSBOU: Lengte (meter) Met skoene / BUILD: Height (metre) With shoes: 1.80
Sonder skoene / Without shoes: ……
Geset / Stout [ ] — Gemiddeld / Average [ ] — Skraal / Slender [X]
Gespierd / Muscular [ ] — Goed / Well [ ] — Krom houding / Stoops [ ] — Ander / Other: ……

GELAATSKLEUR / COMPLEXION: Lig / Fair [ ] — Rooierig / Ruddy [ ] — Blas / Sallow [ ] — Geel / Yellow [X] — Bruin / Brown [X] — Swart / Black [ ] — Pikswart / Pitch black [ ]

GELAATSMERKE / FACIAL BLEMISHES: Sproete / Freckles [ ] — Pokmerke / Pock-marks [ ] — Vlekke / Spots [X] — Ander / Other: ……

HARE / HAIR: Kleur / Colour: Swart — Steil / Straight [ ] — Golwend / Wavy [ ] — Krul / Curly [X] — Kroes / Frizzy [ ] — Peperkorrels / Peppercorns [X]
Bles / Bald [ ] — Bles voor / Bald forehead [ ] — Bles agter / Bald crown [ ] — Kaal kolle / Bald spots [ ] — Kenmerkende stam haarstyl / Distinguishing tribal style [ ]
STYL / STYLE: Kort / Short [X] — Lank / Long [ ] — Gevleg / Plaited [ ] — Agteroor gekam / Brushed back [ ] — Paadjie / Parted [ ] — Beskrywing / Description: ……

OË / EYES: L Links / Left — Kleur / Colour: Bruin — Normaal / Normal [B] — Besonder groot / Particularly large [ ] — Besonder klein / Particularly small [ ] — Veteroog / Slanting [ ]
R Regs / Right — Blind / Blind [ ] — Vermis / Missing [ ] — Glasoog / Glass eye [ ] — Pêreloog / Pearl on eye [ ] — Skeel / Squint [ ] — Uitpeul / Bulging [ ] — Diepgeset / Deepset [ ]
B Beide / Both — Beskrywing van bril / Description of spectacles: ……

NEUS / NOSE: Normaal / Normal [X] — Besonder groot / Particularly large [ ] — Besonder klein / Particularly small [ ] — Plat / Flat [ ] — Besonder skerp / Particularly sharp [ ] — Gebreek / Broken [ ]

ORE / EARS: Normaal / Normal [B] — Besonder groot / Particularly large [ ] — Besonder klein / Particularly small [ ] — Bakoor / Prominent ears [ ]

TANDE / TEETH: T Bo / Top — Goed / Good [B] — Verrot / Decayed [ ] — Geen / None [ ] — Kunstande / Artificial [ ] — Vermis / Missing [ ]
B Beide / Both — U Onder / Under — Wydgespasieerd / Widely spaced [ ] — Uitstaande / Protruding [ ] — Ongelyk / Irregular [ ] — Tandvulsels / Dental fillings [ ]

Eienaardighede en gebreke van liggaam, ledemate en gelaatstrekke / Peculiarities and deformities of body, limbs and facial features: Geen

Tatoeëermerke en littekens op liggaam en ledemate / Tattoo-marks and scars on body and limbs: Geen

Nasionaliteit / Nationality: S.A. — Ambag of beroep / Trade or occupation: Geen — Taal en dialek / Language or dialect: S. Sotho

Stam / Tribe: MOTAUNG - S.SOTHO — Stamdistrik / Tribal district: JHB — Hoofman / Headman: —— — Kaptein / Chief: ——

Jongsbekende adres / Last known address: 3670 Zone 3 Diepkloof Soweto Johannesburg

Sertifiseer dat vorm behoorlik ingevul is: S/bevelvoerder/Bevelvoerder/Sipier / Certify that form has been properly completed: S/commander/Commander/Gaoler: [signature]

Handtekening van gevangene/beskuldigde / Signature of prisoner/accused: M Motaung

BEWYSSTUK RR

BEWYSSTUK RR

FOTOSTATIESE AFDRUK VAN MEESTERKAART EN VINGERAFDRUKKE

VAN JOHANNES MOILE



Bew 'RR'

Ts. 38

Boagi: A.R.
Burgerskap:
Citizenship: S.A.

Lotso: Montsho
Ras: Bantoe
Race: Bantu

Bong: Mn.
Geslag: M.
Sex: M.

5801762

Lebotse Johannes Moile -9-1975

1955

Nr. ya kwadiso ya botsalo
Geb. inskr. Nr.
Birth Reg. No.

Lefelo la botsalo
Geb. plek
Place of birth Kopela

Tswana 03

Morafe
Stam
Tribe Thordong /03

Naga ya Lega
Tuisland
Homeland BOPHUTHA-SWANA

Thokoetle

Kgosana
Hoofman
Headman

Setereke sa legae
Tuisdistrik
Home district Ditsobotla

Lefelo la bonago mo setereking sa legae
Woonplek in tuisdistrik
Place of residence in home district Kopela 990

Nyalo
Huwelikstaat
Marital status S

Nr. Tlhaolo ya mosadi
P. Nr. van vrou
Wife's I. No. VF

Melato ya makgetho
Belastingpligtigheid
Tax liability 7P 1974

E kwadisitswe kwa
Geregistreer te
Registered at Ditsobotla

Ke/Deur/By

351

Nr. Lekwalo la tlhaolo la lobakanyana
Tydelike Identiteitsertifikaatnommer
Temporary Identification Document



Bew RR

5801762 L 99531 Lichtenburg 4/76

O SE KE WA E PHUTHA E ROMELWE E SA PHUTHWA
MOET ASB. NIE VOU NIE. STUUR ONGEVOUD.
DIKGATISO TSA KA GALE—GEWONE AFDRUKKE—PLAIN PRINTS
LETSOGO LA MOLEMA—LINKERHAND—LEFT HAND

DO NOT FOLD. POST UNFOLDED
GEWONE AFDRUKKE—PLAIN PRINTS—DIKGATISO TSA KA GALE
REGTERHAND—RIGHT HAND—LETSOGO LA MOJA

AM 27W OMOO
AO 1911 OM10

KGONOJWE (MI.)
L. DUIM/THUMB

KGONOJWE (MI.)
R. DUIM/THUMB

1/70

- 1494 -

BEWYSSTUK RR

BEWYSSTUK SS

FOTOSTATIESE AFDRUK VAN MEESTERKAART EN VINGERAFDRUKKE

VAN THABO MARCUS MOTAUNG



BEWYSSTUK SS



BEWYSSTUK TT

BEWYSSTUK TT

STEL VINGERAFDRUKKE VAN S.T.R. MOGOERANE

Blew. T.T. SAP 76

RICHARD SK

**SUID-AFRIKAANSE POLISIE** — **SOUTH AFRICAN POLICE**

# NAVRAAG — ENQUIRY

Moet in blokletters voltooi word — To be completed in block letters

Volle naam en van / Full name and surname: SIMON THELE RAMOKANE MOGOERANE

Persoonsnommer / Identity number: PN 6278551

Ras en geslag / Race and sex: S/man

Geboortedatum / Date of birth: 4 April 1957

Dorp en land van geboorte / Town and country of birth: STATONVILLE (S.A)

Adres / Address: 198 Botshabelo Street Vosloorus

VA-no. / FP No.: 1 | 3 LL M M O M
KR-no. / CR No.: 2 | I LL M I O M

SAKB verw.-no. / SACB Ref. No.

VA-klas / FP class: 9 U MO 12 / 1 U. M I 8

IDENTIFISEER AS DIE HOUER VAN BEWYSBOEK/IDENTIFICATION... IS THE HOLDER OF REFERENCE BOOK/IDENTIFICATION DOCUMENT/PASSPORT NO. 6278551

Duim / Thumb | Wysvinger / Forefinger | Middelvinger / Middle finger | Ringvinger / Ringfinger | Pinkie / Little finger

JLK 7021187

REGTERHAND / RIGHT HAND — LINKERHAND / LEFT HAND



LINKERHAND / LEFT HAND — REGTERHAND / RIGHT HAND

Vlakafdrukke van die vier vingers tegelyk geneem — Plain impressions of the four fingers taken simultaneously

LINKERDUIM / LEFT THUMB — REGTERDUIM / RIGHT THUMB

Aard van navraag: / Reason for enquiry: WONDERBOOMPOORT MR 253/12/81

Is u ooit weens 'n oortreding skuldig bevind? Indien so, vermeld plek, datum en vonnis.
Have you ever been convicted of any offence? If so, state place, date and sentence.

Handtekening van / Applicant's signature

Vingerafdrukke geneem deur / Fingerprints taken by: W/O Dos Santos

SAP-stasie / SAP Station

Datum / Date: 21/12/81

Nagesien: / Checked:

Stasiebevelvoerder/Station Commander

BEWYSSTUK UU

FOTOSTATIESE AFDRUK VAN MEESTERKAART EN VINGERAFDRUKKE VAN T.S. MOGOERANE



Bew "UU"

G.P.-S.27019—1967-68—10,000-50. S.

P. No. / L. No. 6278551

Burgerskap / Citizenship S.A. Ras / Race Bantoe / Bantu 30-1-1976 Geslag / Sex M. S

Volle name / Full names THELLE SIMON MOGOERANE

Geb. datum / Date of birth 10/4/1959 Geb. inskr. No. / Birth Reg. No. 150/59/16731 Geb. plek / Place of birth BOKSBURG

Groep / Group S.SOTHO 03 Stam / Tribe MOSHOESHOE 063 Tuisland / Homeland BASOTHOQWAQWA

Kaptein / Chief — Hoofman / Headman — Tuisdistrik / Home district BOKSBURG 001

Woonplek in tuisdistrik / Place of residence in home district 1195 BOCHABELA ST VOSLOORUS

Huwelikstaat / Marital status S P. No. van vrou / Wife's L. No. VF S

Belastingpligtigheid / Tax liability ~~1977~~ 1978

Geregistreer te / Registered at BOKSBURG 180.


DO NOT FOLD. POST
GEWONE AFDRUKKE
REGTERHAND.
R. DUIM/THUMB.
STUUR ONGEVOUD.
—PLAIN PRINTS.
LEFT HAND.
L. DUIM/THUMB.
627855

## BEWYSSTUK VV

FOTO VAN VINGERAFDRUKKE OP MAGASYN (DEEL VAN BEWYSSTUK 28(A))



BEWYSSTUK WW

BEWYSSTUK WW

STEL VINGERAFDRUKKE VAN T.S. MOGOERANE

A/O Venter OR 7021/81 Ex WW

G.P.-S. (F-B) SUID-AFRIKAANSE POLISIE SOUTH AFRICAN POLICE 1982 -06- 29 SAP 192

## VINGER- EN/OF PALMAFDRUKKE VIR UITSKAKELING/VERGELYKINGSDOELEINDES
## FINGER AND/OR PALMPRINTS FOR ELIMINATION/COMPARISON PURPOSES

Naam van ~~klaer/bediende~~/verdagte
Name of ~~complainant/servant~~/suspect: ~~SIMON~~ THEMBE SIMON MOGOERANE

Stasie / Station: WONDERBOOMPOORT OR-no. / IR No.: M

MR / CR: 253/12/81 VA klassifikasie / FP classification: 9 U MO 10 / 1 UMI 7 / OM

Ondersoekbeampte / Investigation officer: MAJ NEL

| Duim / Thumb | Wysvinger / Forefinger | Middelvinger / Middle finger | Ringvinger / Ringfinger | Pinkie / Little finger |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |

REGTERHAND — RIGHT HAND

LINKERHAND — LEFT HAND

Vou — Fold



BUITENSTE GEDEELTE VAN LINKERPALM
OUTSIDE PORTION OF LEFT PALM

BUITENSTE GEDEELTE VAN REGTERPALM
OUTSIDE PORTION OF RIGHT PALM



BOONSTE GEDEELTE VAN LINKERPALM
UPPER PORTION OF LEFT PALM

BOONSTE GEDEELTE VAN REGTERPALM
UPPER PORTION OF RIGHT PALM



Plek / Place: PRETORIA GEVANGENIS

Datum / Date: 82/06/25

Handtekening/Signature. T.1392812 O/W/O

12/2 6/2

BEWYSSTUK WW



BEWYSSTUK XX

BEWYSSTUK XX

HOFKAART - SIMON MOGOERANE

*Bewysstuk : XX*

G.P.-S.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE — SOUTH AFRICAN POLICE

SAP 333

O.R. Nr. / I.R. No. 7021/81

STAAT teen / STATE vs SIMON MOGOERANE

1




FOTOGRAFIESE VERGROTING
ENLARGED PHOTOGRAPH OF

VAN AFDRUK OP / IMPRESSION ON MAKAROV PISTOOL MAGASYN

V.A. DESKUNDIGE / F.P. EXPERT ..................

A.B. Verster S/A/Off.

2




FOTOGRAFIESE VERGROTING
ENLARGED PHOTOGRAPH

VAN / OF REGTER WYSVINGER

AFDRUK VAN / IMPRESSION OF SIMON MOGOERANE

P.V.A.K. / L.F.P.O. PRETORIA

BEWYSSTUK YY

FOLIEN GELIG VAN GASSTOFIE, BEWYSSTUK 33

JERRY MOSOLOLI

NIE REPRODUSEERBAAR NIE

BEWYSSTUK ZZ

BEWYSSTUK ZZ

STEL VINGERAFDRUKKE VAN JERRY MOSOLOLI

Ex ZZ

G.P.-S. (F+B)

SAP 192

SUID-AFRIKAANSE POLISIE — SOUTH AFRICAN POLICE

**VINGER- EN/OF PALMAFDRUKKE VIR ~~UITSKAKELING~~/VERGELYKINGSDOELEINDES**
**FINGER AND/OR PALMPRINTS FOR ~~ELIMINATION~~/COMPARISON PURPOSES**

Naam van ~~klaer/bedien~~de/verdagte
Name of ~~complainant/servant~~/suspect JERRY MOSOLOLI

Stasie / Station WONDERBOOMPOORT — OR-no. / IR No.

MR / CR 253/12/81 — VA klassifikasie / FP classification

Ondersoekbeampte / Investigation officer MAJ. NEL

| | Duim / Thumb | Wysvinger / Forefinger | Middelvinger / Middle finger | Ringvinger / Ringfinger | Pinkie / Little finger | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| REGTERHAND | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | RIGHT HAND |



Vou — Fold

MK 2031/81.

| | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| LINKERHAND | | | | | | LEFT HAND |



Vou — Fold

| BUITENSTE GEDEELTE VAN LINKERPALM / OUTSIDE PORTION OF LEFT PALM | BUITENSTE GEDEELTE VAN REGTERPALM / OUTSIDE PORTION OF RIGHT PALM |
|---|---|





| BOONSTE GEDEELTE VAN LINKERPALM / UPPER PORTION OF LEFT PALM | BOONSTE GEDEELTE VAN REGTERPALM / UPPER PORTION OF RIGHT PALM |
|---|---|





Plek / Place PRETORIA GEVANGENIS
Datum / Date 1982/06/25

S 139281m A/A/O
Handtekening/Signature.

BEWYSSTUK ZZ



BEWYSSTUK AAA

BEWYSSTUK AAA

HOFKAART - JERRY MOSOLOLI

HOFBEWYSSTUK. H.A.A

G.P.-S. SUID-AFRIKAANSE POLISIE SOUTH AFRICAN POLICE SAP 333

O.R. Nr.
I.R. No. 7021/81.

STAAT teen
STATE vs JERRY MOSOLOLI.

1




2




FOTOGRAFIESE VERGROTING
ENLARGED PHOTOGRAPH OF

VAN AFDRUK OP
IMPRESSION ON FOLIEN.

FOTOGRAFIESE VERGROTING
ENLARGED PHOTOGRAPH

VAN
OF LINKER MIDDELVINGER.

AFDRUK VAN
IMPRESSION OF JERRY MOSOLOLI.

V.A. DESKUNDIGE
F.P. EXPERT S/A/O.
A.B. VERSTER.

P.V.A.K.
L.F.P.O. PRETORIA.

BEWYSSTUK BBB

SELLOFAANOMHULSEL MET VINGERAFDRUKKE

NIE REPRODUSEERBAAR NIE

BEWYSSTUK CCC

BEWYSSTUK CCC

STEL VINGERAFDRUKKE - JERRY MOSOLOLI

Bewysstuk Nr: CCC

G.P.-S. (F-B) SUID-AFRIKAANSE POLISIE SOUTH AFRICAN POLICE SAP 192

**VINGER- EN/OF PALMAFDRUKKE VIR ~~UITSKAKELING~~/VERGELYKINGSDOELEINDES**
**FINGER AND/OR PALMPRINTS FOR ~~ELIMINATION~~/COMPARISON PURPOSES**

Naam van klaer/beskuldigde/verdagte
Name of complainant/accused/suspect ...... JERRY MOSOLOLI

Stasie
Station ...... OR-no. IR No. ......

MR
CR ...... VA klassifikasie FP classification ......

Ondersoekbeampte
Investigation officer ......

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
1982 -06- 28
...ESBURG
FINGERPRINT BRANCH
SOUTH AFRICAN POLICE

| Duim Thumb | Wysvinger Forefinger | Middelvinger Middle finger | Ringvinger Ringfinger | Pinkie Little finger |
|---|---|---|---|---|







Plek
Place ...... PRETORIA GEVANGENIS
Datum
Date ...... 1982/06/..

BEWYSSTUK CCC



BEWYSSTUK DDD

HOFKAART - JERRY MOSOLOLI

BEWYSSTUK NR. DDD

S.A.P. 333

O.R. Nr.
I.R. No. 8124/81.

STAAT teen:
STATE vs: JERRY MOSOLOLI

1




2




FOTOGRAFIESE VERGROTING
ENLARGED PHOTOGRAPH OF

VAN AFDRUK OP
IMPRESSION ON SELLOFAAN OMHULSEL VAN BATTERY

FOTOGRAFIESE VERGROTING
ENLARGED PHOTOGRAPH OF

VAN
OF REGTERDUIM

AFDRUK VAN
IMPRESSION OF JERRY MOSOLOLI.

V.A. DESKUNDIGE
F.P. EXPERT [signature] S.A.O.
W45771T.

G.P.-S.46414—1969-70—30,000 S.

## BEWYSSTUK EEE

Die verdediging erken formeel kragtens artikel 220 van Wet 51 van 1977:

1. Dat die stel vingerafdrukke Bew. TT voor die Hof 'n stel vingerafdrukke is wat behoorlik van besk. No. 1 Thelle Simon Mogoerane geneem is.
2. Die stel vingerafdrukke Bew. NN voor die Hof is 'n stel vingerafdrukke wat behoorlik van besk. No. 2 Jerry Semano Mosololi geneem is.
3. Die stel vingerafdrukke Bew. QQ voor die Hof is 'n stel vingerafdrukke wat behoorlik van besk. No. 3 Marcus Thabo Motaung geneem is.
4. Die stel vingerafdrukke Bew. WW voor die Hof, is 'n stel vingerafdrukke wat behoorlik van besk. No. 1 Thele Simon Mogoerane geneem is.
5. Die stel vingerafdrukke Bew. ZZ voor die Hof, is 'n stel vingerafdrukke wat behoorlik van besk. No. 2 Jerry Semano Mosololi geneem is.
6. Die stel vingerafdrukke Bew. CCC voor die Hof, is 'n stel vingerafdrukke wat behoorlik van besk. No. 2 Jerry Semano Mosololi geneem is.

-----------

BEWYSSTUK FFF

BEWYSSTUK FFF

HOFKAART

BEWYSSTUK NO. FFF



SKEIDSLYN SKEIDSLYN

SAAK VERWYSINGS NO. Orlando MR 26/11/79

S.A.K. BURO VERWYSINGS NO. FB ..............................

BEWYSSTUK GGG

BEWYSSTUK GGG

HOFKAART

BEWYSSTUK NO. GGG




SKEIDSLYN SKEIDSLYN

SAAK VERWYSINGS NO. Orlando MR 26/11/79

S.A.K. BURO VERWYSINGS NO. FB ..............................

BEWYSSTUK HHH

BEWYSSTUK HHH

HOFKAART

BEWYSSTUK NO. HHH

SKEIDSLYN




SKEIDSLYN

SAAK VERWYSINGS NO. ...Moroka MR 81/6/79...

S.A.K. BURO VERWYSINGS NO. FB ..................................

BEWYSSTUK JJJ

BEWYSSTUK JJJ

HOFKAART

BEWYSSTUK NO. JJJ

SKEIDSLYN



SKEIDSLYN

SAAK VERWYSINGS NO. ..............
..Gezina. M.R. 132/12/81........

S.A.K.BURO VERWYSINGS NO. FB ......
.....4335/81..........................

BEWYSSTUK KKK

BEWYSSTUK KKK

HOFKAART

BEWYSSTUK NO. KKK

SKEIDSLYN




SKEIDSLYN

SAAK VERWYSINGS NO. Pretoria Noord MR 654/12/81

S.A.K. BURO VERWYSINGS NO. FB 441/82

BEWYSSTUK LLL

BEWYSSTUK LLL

HOFKAART

BEWYSSTUK NO. L.L.L.

SKEIDSLYN




SKEIDSLYN

SAAK VERWYSINGS NO. ..............

Wonderboompoort MR 953/12/81 ..........

S.A.K.BURO VERWYSINGS NO. FB ......

..............................................

BEWYSSTUK MMM

BEWYSSTUK MMM

HOFKAART

BEWYSSTUK NO. mmm

SKEIDSLYN




SKEIDSLYN

SAAK VERWYSINGS NO. ..............

Wonderboompoort MR 253/12/81

S.A.K.BURO VERWYSINGS NO. FB ......

..................................

**Collection Number: AD2021**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.